# DIE BYDRAE VAN F A VAN JAARSVELD OOR DIE ONDERRIG VAN GESKIEDENIS OP SKOOL

**P J van der Merwe**
*Rektor, Goudstadse Onderwyskollege*

## INLEIDING

Wanneer die bydrae van 'n historikus van die formaat van F A van Jaarsveld tot die onderrig van geskiedenis op skool onder woorde gebring moet word, word die skrywer deur verskeie probleme gekonfronteer. Moet dit in die eerste instansie gaan om die bydrae wat gelewer is met die skrywe van skoolhandboeke, moet dit gaan oor die metodologiese bydrae in werke oor die geskiedenisonderrig, en meer nog, moet dit gaan oor die bydrae wat deur die historikus gelewer is as hoogleraar in geskiedenis en die vaktoerusting en vakingesteldheid van onderwysers wat deur sy onderrig gevorm is?

Vir die doel van hierdie oorsig sal daar na die goue draad gesoek word wat deur al Van Jaarsveld se bemoeienis met die onderrig loop, sy dit skoolhandboeke of werke oor die onderrig van die vak of die bydrae tot die vakopleiding van onderwysers. Die oorsig maak egter nie aanspraak daarop om 'n volledige beeld van Van Jaarsveld se werk op dié gebied te gee nie.

## 2. DOELSTELLING, NUT EN WAARDE VAN GESKIEDENISONDERRIG

### 2.1 Die vraag na die sin van geskiedenis as skoolvak

Die soeke na die sin van die onderrig en die nut van geskiedenis as skoolvak is kenmerkend van die bydrae van Van Jaarsveld. In dié verband is die bydrae deur geskiedskrywers tot die rekord van die geordende en georganiseerde samelewing, die ordening van die sinvolle uit die verlede van die mens en sy samelewing volgens die ryke skakerings daarvan, belangrik. Deur die bestudering van hierdie ordening kom die mens tot kennis van homself en van die samelewing waaruit hy, en waarin hy, voortbeweeg op sy lewensweg. Daardeur kan die mens ook toenemend in staat wees om 'n bydrae te maak tot verryking van die samelewingsverbande waarin hy staan en sodoende sin gee aan sy bestaansreg.

Hiermee samehangend kom 'n volgende vraag na vore wat deur Van Jaarsveld breed toegelig is, naamlik, wat is geskiedenis? In sy werk: *Probleme by die onderrig van geskiedenis*, word dit gestel dat geskiedenis as 'n "rekord" (verslag) in bronne aanwesig is maar dat die bronne self as sodanig nie geskiedenis is nie. Hulle bevat bewyse van die handelinge van mense binne 'n bepaalde samelewing en bestaan uit verhale, verslae of mededelings. In dié verband is die bronne die sleutels tot die verlede en lewer as sodanig getuienis oor die verlede. Hiermee word die verlede 'n "lewende verlede" wat nog altyd bestaan het, steeds bestaan en in die toekoms ook sal bestaan, ongeag die historikus.

## 2.2 Doelstellings met die onderrig van geskiedenis op skool

### 2.2.1 *Verbreding van die kind se tydswerklikheid- en waardehorison*

Die kind word deur die onderrig van geskiedenis uit sy beperkte horison en ingeperktheid van die *hier* en *nou* uitgelig en losgemaak van sy naïewe tydsbelewing sodat 'n dimensie van tydsdiepte as tydsperspektief beleef word. As sodanig word die kind deur die geskiedenis bewus gemaak van die tyd waarin hy leef, die samelewing waarin hy leef en die wêreld wat hom omring. Deur die kennis van die geskiedenis kom die kind tot die besef dat dit wat hom omring nie toevallig is of as vanselfsprekend aanvaar kan word nie, maar deel van die Skepping is deur 'n Hoër Hand en deur die mens tot leefwêreld en leefruimte gekultiveer word. Voorts dui die geskiedenis op die begrip van kontinuïteit, wording en verandering wat met menswees gegee is.

Die veelsydige aard van gemeenskappe en samelewings met 'n ryke skakering van tale, kulture, volke en gelowe wat uit die studie van geskiedenis spreek, dra nie net daartoe by dat die kind se horison verbreed nie, maar ook tot sy waardering van ander mense. Hieruit kan ook 'n beter besef van die eie groep of volk se lotgevalle en aspirasies groei asook 'n besef dat geen mens of groep sinvol in isolasie kan leef en presteer nie. As sodanig is die eie land en eie volk 'n integrale deel van 'n groter wêreldgebeure en die eie geskiedenis 'n deel van die breër wêreldgeskiedenis.

Verder word die kind uit die geskiedenis georiënteer ten opsigte van 'n wêreld waaruit sy eie wêreld en horisonne gekweek is en daarmee saam ontwikkel 'n waardering vir die strewes en opofferinge van voorvaders uit stam- en verwante lande. Die invloed van die verlede op die hede behoort langs hierdie weg sigbaar te word.

### 2.2.2 *Toeligting vanuit die geskiedenis op die eietydse probleme*

Die ordening van die werklikheid wat implisiet deel is van die onderrig van geskiedenis dra daartoe by dat die werklikheidshorison en tydshorison van die kind verbreed, wat insig en begrip verleen by die objektiewe beoordeling van eietydse probleme. Probleme wat op eie bodem dus nasionaal of buite sy eie bodem of landsgrense, ook internasionaal voorkom en wat die eie bestaan beïnvloed, kan makliker binne konteks beoordeel word indien die mens meer as 'n elementêre insig in die geskiedenis het. Vir die toegewyde leerling bied die rassevraagstuk hier en wêreldwyd byvoorbeeld 'n uitdaging om met verantwoording die betrokke geskiedenis te bestudeer en te vertolk. Deur die eietyd bewustelik te belewe word dit vir die kind moontlik om intensioneel in die wêreld te wees en sy verlede betekenisvol te belewe.

## 2.3 Opvoeding tot staatsburgerlike verantwoordelikheid

Van Jaarsveld stel dit dat geskiedenisonderrig ook opvoedende onderrig tot staatsburgerlike verantwoordelikheid ten doel het. In die Suid-Afrikaanse konteks met sy plurale gemeenskapsamestelling van verskillende taal-, kultuur-, geloof-, en etniese groepe is staatsburgerlike verantwoordelikheid 'n besondere vormingsverantwoordelikheid van die geskiedenisonderrig. So sal elke persoon op 'n sinvolle wyse ervaar dat hy lid is van 'n bepaalde gemeenskap, kultuurgroep, volk, nasie en staat. Die mens word dus ook lid in 'n bowe-persoonlike verband met ander mense. Voorts konfronteer die onderrig van geskiedenis die kind met eiesoortige instellinge van sy land en van die plek wat sy staat in die stategemeenskap beklee. Binnelands raak staatsburgerlike verantwoordelikheid die kind op die staatkundige vlak, kulturele vlak en sosiale vlak.

*Staatkundige vlak*

As individu vorm die kind deel van 'n gemeenskap, kultuurgroep, volk, nasie en staat en moet noodwendig eendag 'n plek as 'n politiek-mondige in die samelewing inneem. Dit kan ten beste geskied as hy kennis dra van staatsinstellings en hulle fundamentele herkoms. Wetsgehoorsaamheid en begrip vir wetstoepassing is nie vanselfsprekend nie maar dui op 'n tradisie en lewenstyl wat eie aan bepaalde gemeenskappe is. Hiermee saam word ook gedink aan lojaliteit en samehorigheid as boustene vir die kweek van 'n gesonde patriotisme en vaderlandsliefde gegrond op 'n verantwoordbare nasionalisme.

2.3.2 *Kulturele vlak*

Binne die samelewingsverband van diversiteit en gemeenskaplikheid leer die kind dat hy deel vorm van 'n bepaalde kultuurmosaiek. Hieruit spreek sy liefde vir die eie en begrip en agting vir die andersheid van ander.

*Sosiale vlak*

Die sosiale geledinge van enige gemeenskap het historiese wortels. Deur die bestudering daarvan word die kind bewus van probleme rondom die sosiale struktuur waar binne hy lewe. Die kind moet deur kennis uit die historiese verlede gebring word tot mede-verantwoordelikheid vir 'n gesamentlike toekoms en lotsbestemming.

## 2.4 Die ontwikkeling van 'n historiese sin

'n Bepaalde lewenstyl gegrond op waardes, norme gebruike en gewoontes word deur volwassenes aan die kind voorgeleef. Hierdie lewenstyl is gekoppel aan die kontemporêre en huidige tydsgewrig. Uit die geskiedenis leer die kind die wording van hierdie lewenstyl asook geledinge in voorafgaande tye en ander omstandighede. Die tydsgebonde bestaan van die mens en die veranderlikheid van die mens se lewenstyl gekoppel aan besondere historiese periodes word uit die geskiedenis verklaar.

'n Historiese sin impliseer ook 'n bewustheid van die historiteit van sy bestaan. Dit word geverifieer deur die waarneming en bewuswording van die kultuurprodukte en -uitinge uit eie bodem. So kan 'n liefde vir die geskiedenis gekweek word deur onder andere die lees van historiese werke en die versameling van oudhede en historiese voorwerpe. Enige tydsgebonde situasie kan dus alleen ten beste verstaan word deur daarna te kyk deur 'n historiese bril.

## 2.5 Lewenskoling

Geskiedenis het te doen met die lewe van mense en reflekteer handelinge van besondere belang binne gemeenskappe. Uit die geskiedenis leer die kind dat die mens basies dieselfde mens is as eeue gelede dog dat sy nalatenskap aan die nageslag steeds verander. So was daar nog altyd regeringsvorme, godsdienskonflikte en individuele verskille wat die mens se handelinge beïnvloed het. Die motiewe van mense uit die geskiedenis help hom ook om die mens van sy eie tyd beter te verstaan.

Die eties-vormende waarde wat sinvolle bestudering van die geskiedenis op die kind het, dra by tot karaktervorming en die vorming van 'n eie lewensopvatting en eie lewensideaal.

### 2.6 Intellektuele vorming

Die kritiese en analitiese denkvermoë van die kind word aan die hand van 'n studie van die geskiedenis gevorm en geslyp en in die interpretasie en eie weergawe van die verlede word die skeppende vermoë verdiep. 'n Soeke na wat waar is en die uitspreek van waarde-oordele oor historiese en kontemporêre gebeure maak deel uit van 'n studie van die geskiedenis. Hiermee saam gaan 'n *besinnende houding* teenoor die werklikheid en dit impliseer 'n rasionele element in die kind se "verstaan" (begryp) van die verlede en hede.

### 2.7 Samevatting

Die bydrae van Van Jaarsveld tot die oopdekking van die doelstellings, nut en waarde van geskiedenis is voor die hand liggend. Die rol wat hy in Suid-Afrika gespeel het i.v.m. die "herontdekking" van die waarde van geskiedenis kan nie oorskat word nie. Sonder sy bydrae sou die skoolse onderrig van geskiedenis veel armer gewees het; daarom dat sy bydrae tot die debat oor geskiedenis as skoolvak 'n afsonderlike paragraaf verdien.

## 3. DIE DEBAT OOR GESKIEDENIS AS SKOOLVAK

Weer eens bring Van Jaarsveld die hermeneutiese vraag "waartoe dien dit?" sterk in sy benaderinge na vore wanneer hy beklemtoon dat die onderwyser homself steeds moet afvra wat hy besig is om die kind aan te bied. Hiermee raak hy die wese en aard van die vak aan soos die oorsprong en ontstaan as wetenskap, die aard van die inhoud en probleme en beperkinge van die historiese wetenskap. Die onderwyser moet dus meer as net oppervlakkig in die vak onderlê wees en moet duidelik kan antwoord op die vraag "wat is geskiedenis?"

Dit is duidelik dat ná byna tweeduisend jaar Westerse ervaring met geskiedskrywing (en dié is 'n tipiese Westerse geestesproduk), historici nog nie daarin geslaag het om 'n definitiewe definisie van geskiedenis te gee nie, juis omdat geskiedenis orals om en in die mens aanwesig is; dus 'n medium waarin die mens leef en beweeg, maar ook 'n krag wat die mens beweeg. Geskiedenis kan beskou word as die herinnerde verlede.

Word die aard van geskiedenis uit die oog verloor, bly geskiedenis vir diegene wat daarin studeer slegs "inhoudkennis" tussen twee hardeband-omslae. Wat dit wel vir die kind behoort te wees is gesistematiseerde werklikheid, geselekteer uit temas ooreenkomstig 'n goed deurdagte en beplande sillabus. Gesistematiseerde inhoud ooreenkomstig 'n seleksie wat deur 'n leergang vereis word, is dus temas uit die "algemene" en "vaderlandse" geskiedenis. Op skoolvlak word daar selde daaraan gedink dat die inhoud van die sillabus vir geskiedenis berus op wetenskaplike versameling van bronne sowel as die wetenskaplike kritiekuitvoering oor die bron ten einde die verhaal van die verlede as feite, histories korrek en eg, aan die kind voor te lê. Die verlede waarna die bronne verwys, is nie "dood" nie, maar dui op die handelinge, gedagtes en idees van die afgestorwenes wat was, en is 'n werklikheid. Geskiedenis word dus gesien as verhaal en as werklikheid. Die kind moet tot die besef gebring word dat nie alles wat gebeur het, geskiedenis is nie. Deur die noukeurige beplanning en selektering en deur wetenskaplike metodes van ondersoek, word 'n keuse gemaak om die gebeurtenisse en waardes wat kan lei tot selfbegrip, te benut.

Die onderrig van geskiedenis op skoolvlak wys veral heen na die politieke geskiedenis omdat dit struktuur in die geskiedenis bring, maar geskiedenis bestaan ook uit ander afdelings, te wete plaaslike, militêre, ekonomiese wêreld-, en sosiale geskiedenis. Ten einde die geskiedenis beter te kan verstaan, moet die kind homself benader vanuit die totaliteit van die verskynsels wat deur sy gees voortgebring word.

Van Jaarsveld raak ook in die aspek van die debat oor geskiedenis as skoolvak die onderwerp van wetenskaplike geskiedskrywing aan. Hy beklemtoon "wetenskaplike" geskiedskrywing wat die gevolg was van die invoering van die "wetenskaplike" metode" en noem die grondleggers van "wetenskaplike" geskiedskrywing Niebuhr, Ranke, Pieter Geyl en Huizinga wat daarna gestreef het om inhoud aan die geskiedenis te gee. Genoemde geskiedskrywers het gestaan onder die invloed van die tydsgees en filosofiese strominge en sou die inhoud van die geskiedenis daarby aanpas.

Die antwoord op die vraag wat geskiedenis is, het dus verander namate die tyd, samelewing en die wêreld verander het, afhangende van die politieke, sosiale, ekonomiese of ideologiese situasie. Om 'n definisie van geskiedenis daar te stel, is volgens Van Jaarsveld byna onmoontlik.

Die studie van geskiedenis rus die kind toe met besondere intellektuele oefening wat neerkom op die aankweking en inskerping van die kritiese en analitiese vermoë en 'n verdieping van sy verbeelding en vermoë tot skepping en beredenering en die maak van gevolgtrekkings. Geskiedenis mag nie deur die kind volgens 'n bepaalde resep van 'n modelantwoord uit die hoof geleer en passief weergegee word nie. Dat daar deurgaans gesprek gevoer word oor geskiedenis as skoolvak blyk uit diskussies gevoer in onderwysblaaie, koerante en op regeringsvlak. Leerplanne is voortdurend onder die soeklig en vertoë word gerig om geskiedenis verpligtend op skoolvlak te maak. As bewys dat die belangstelling in Geskiedenis as skoolvak besig is om te vervaag, wys Van Jaarsveld op die volgende punte:

- die afname in algemene belangstelling van die kant van die publiek en pers.
- afrig vir die eksamen.
- veranderde waardes.
- die generasie-verskynsel.
- opleiding van geskiedenisonderwysers aan tersiêre inrigtings.
- die verslapping en selfs verdwyning van kultuurwaardes.

Prof. Van Jaarsveld stel dan sy standpunt in die debat oor geskiedenis as skoolvak soos volg:

"Na my insigte lei geskiedenis — vaderlandse sowel as algemene — na selfkennis, selfbegrip en 'n selfbeeld ..... Ons staan voor die toekoms: mag die studie van geskiedenis vir ons vaste riglyne aanwys."

## 4. LEERPLANSAMESTELLING EN -HERVORMING

In die vertolking van leergange kom 'n drieërlei aspek na vore, naamlik

- 'n vertolking gesien vanuit die kant van die geskiedenisonderwyser wat die leerin houd aan die kind moet oordra.

- 'n vertolking gesien vanuit die kant van die kind self wat daardeur gevorm moet word.

- 'n vertolking van die kant van die staat en volk wat verwag dat die geskiedenis onderrig die jong mens tot ingeligte staatsburgers help vorm.

Om al drie partye in ag te neem, word gesoek na kriteria waarmee die leergange beoordeel kan word, asook na kriteria waarvolgens die leergange opgestel word. Omdat die Geskiedenisleergang vir al die provinsies naastenby dieselfde gebly het, kan 'n algemene interpretasie gegee word.

## 4 Kriteria vir die keuse van leerstof

Temas kan nie na willekeur gekies word nie en die doel met 'n geskiedenisleergang moet in ag geneem word, naamlik intellektuele vorming, maar ook selfbegrip met die oog op staatsburgerlike verantwoordelikheid. Daar moet ook in gedagte gehou word dat daar bepaalde beperkinge ten opsigte van die kwantiteit en kwaliteit van die leerstof is.

ınneer kriteria aangelê word, word die volgende vrae gestel

- Is die jeugpsigologiese voorwaardes wat alle geskiedenisonderrig voorafgaan in ag geneem? Leerstof moet aanpas by die ouderdomsfases van die kind.
- Maak die leergang voldoende voorsiening vir die onderrig van die "vaderlandse" of "nasionale" geskiedenis en in watter standerds word meer klem gelê op "algemene" of "vaderlandse" geskiedenis?

- Word voldoende voorsiening gemaak vir die bestudering van internasionale verhou dinge?

- In watter verhouding staan die vaderlandse en algemene geskiedenis tot mekaar; is die temas na inhoud so gerangskik dat die tweede dien as aanvulling tot die eerste?

- Op welke wyse kan die nasionale en algemene geskiedenis na aa eietydse geskiedenis gebring word.

- Word voldoende voorsiening gemaak vir die insluiting van historiese herkoms, ont wikkeling, bydrae, plek en posisie van gemeenskaplikheid en diversiteit van volks kultuur — of nasionale groepe?

- Word voldoende voorsiening gemaak vir die onderskeie deelgebied vertakkings van die geskiedenis?

- Word die geskiedenis wat aangebied word in chronologiese volgorde oorgedra ongeag die vorm van temas of eras sodat die kind begrip sal kry van die oorsaak en gevolg?

- Hoe word die metodes wat aangewend word ten einde die leerstof te bemeester bepaal?

- Hou die leerstof tred met dit wat op tersiêre vlak aangebied wor

'n Kernvraag wat gestel word is

- Kies die kernleergangkomitee die materiaal ooreenkomstig die "doelstellings" en is vóóraf algemene kriteria ontwerp waarvolgens 'n stofkeuse gemaak word? Sou kriteria soos hierbo gebruik word, kon 'n mens 'n meer rasionele benadering verwag in die daarstelling van 'n kernleergang?

### 4.2 Slotopmerking

In 'n referaat oor leerplansamestelling het prof. Van Jaarsveld die volgende standpunt ingeneem:
.... "U het die taak op my gelê om te praat oor die vertolking van die geskiedenisleergange vir die middelbare skool .... as u verwag dat ek die leergange slegs moet vertolk met die oog op "die eksamen" sal u inderdaad teleurgesteld wees ... u moet onthou dat 'n ideaal wat slegs gemik is op die loodsing van jongmense deur "die eksamen" futiel is vir die doelstellinge van geskiedenis op skool: in die eerste plek word geskiedenis geleer om ons jongmense op te voed en te vorm, nie net in "nasionale" opsig nie, maar ook in "wetenskaplike" opsig: hulle moet geleer word om in verantwoording oor die geskiedenis krities te dink en daarby ook karakter te vorm." Enige vakman wat die naam werd is, sal die laasgenoemde stelling heelhartig steun.

## 5. EKSAMINERING EN EVALUERING

Van Jaarsveld lê sy vinger op 'n seer plek in die onderrig van geskiedenis wanneer hy oor eksaminering en evaluering skryf. Hy skets die volgende onopvoedkundige praktyke wat die onderrig van die vak grootliks skaad.

- Formele eksamenafrigting deur onderwysers.

- Die raai van vrae wat lanklaas gevra is.

- Die van buite leer van modelantwoorde wat deur die onderwyser uitgewerk is

- Kritiek op vraestelle deur onderwysers wat van die stereotipe vraag afwyk

- Hy bepleit 'n nuwe eksamenstelsel waar langer en korter vrae gevra word wat naas kennis ook insig toets. Hierdie stelsel is aanvaar en beloof om die totale onderrigstrategie te verander.

## DIE SKOOLHANDBOEK

### 6.1 Vereistes gestel aan 'n goeie handboek

Die bydrae wat Van Jaarsveld gelewer het as skrywer van skoolhandboeke kan nie na waarde geskat word nie.

- Dit het hom nie net 'n huishoudelike naam by die geskiedenisonderwyser gemaak nie maar ook as die skrywer van onontbeerlike leermiddele vir leerlinge bo alle twyfel gestel.

  Voordat daar gekyk word na die plek wat die skoolhandboek in die onderrig

van geskiedenis speel, net eers 'n paar algemene opmerkings van Van Jaarsveld oor die handboek as sodanig. Hy onderskei tussen drie tipes handboeke, te wete:

- Handboeke wat slegs 'n raamwerk van die feite gee.
- Handboeke wat die geskiedenis in meer besonderhede omlyn en wat ruimte laat vir verdere uitbreiding.
- Boeke wat 'n volledige weergawe van die geskiedenis probeer gee sodat aanvulling nie nodig is nie.

Verder wys hy ook op 'n aantal eienskappe van die handboek wat in gedagte gehou moet word.

- Die taal van die handboek moet vir die kind verstaanbaar wees. Abstrakte en akademiese terme moet vermy word.
- Handboeke moet uit die aard van die saak interessant wees. Leerstof moet dus geskik wees vir die ouderdom van die leser. Die beskrywing moet helder en beeldend van aard wees. Dit moet verhalend geskryf wees — in verhale wat mekaar logies opvolg. 'n Vereiste van 'n goeie handboek is dus dat die interessante insidente uit die geskiedenis interessant oorgedra word. Interessantheid moet egter nie die enigste kriterium wees nie. Die vertelling moet chronologies wees sodat die kind 'n ordelike benadering van die onderwerp kan kry. Daar moet ook redelik rekening gehou word met die tematiese, sodat daar nie van die een tema na die ander rondgespring word nie.
- Voorts moet handboeke ook onbevooroordeeld geskryf word en dit moet die resultaat wees van resente navorsing. Foutiewe bewerings mag nie van geslag tot geslag as gevolg van verkeerde handboeke oorgedra word nie.
- Veral by die laerskoolkind maar ook by die hoërskoolkind, speel prente en illustrasies 'n belangrike rol om 'n duidelike beeld van die geskiedenis te gee. Die kleredrag, wapens, implemente, vervoerwese en baie ander opvallende dinge van mense uit 'n vroeë tyd kry eers waarde as die kind dit kan sien. Vrae wat egter beantwoord moet word ten opsigte van bogenoemde is: Is die prente duidelik gedruk? Het dit definitiewe verband met die teks?
- Veral landkaarte is onontbeerlik vir die geskiedenishandboek. Dit is egter nie die enigste kaart nie. Kleiner kaarte soos byvoorbeeld die gebiede waar diamante ontdek is, waar die Basoetos woon, of oor die slag van Congella, is ook insiggewend. Die kaart moet met die eerste oogopslag aan die leerlinge vertel wat by 'n bepaalde plek plaasgevind het.
- 'n Belangrike vereiste is dat daar sisteem in die handboek moet wees sodat elke onderdeel duidelik en selfverklarend is. Dit behoort die studie vir die leerlinge te vergemaklik as die hoofstukke in paragrawe met onderhoofde ingedeel is sodat die leerling 'n raamwerk vir die geheel kan sien sonder dat die eenheid van die verhaal verbreek word.

- Oefening in die hantering van 'n indeks of register is 'n waardevolle onderdeel van geskiedenisonderrig. Dit stel die leerling in staat om sonder enige tydverspilling iets na te slaan.

- 'n Kernagtige samevatting aan die einde van die hoofstuk verfris die leerling se geheue want dit is 'n saaklike herhaling van wat so pas bestudeer is. Dit leer ook die kind hoe om te onderskei tussen wat belangrik en onbelangrik is. Instruksies en take kan ook insiggewend vir die kind en rigtingaanduidend wees. Dit kan ook die onderwyser se taak, indien hy so voel, vergemaklik. Hiermee word vir die kind 'n aanduiding gegee van hoe die verloop ontwikkel het en hoe 'n reeks gebeurtenisse mekaar opgevolg het.

### 6.2 Die handboek in die geskiedenisonderrig

Die handboek is 'n baie nuttige hulpmiddel, maar moet 'n hulpmiddel bly en nie die plek van die onderwyser inneem nie. Volgens Van Jaarsveld is daar nie 'n spesifieke metode waarvolgens die handboek gebruik moet word nie, omdat metodes tot op sekere hoogte altyd individueel bly. Die gesproke woord is sentraal in die geskiedenisonderrig. Deur die gesproke woord word 'n beeld van die verlede voor die gees van die leerling geroep. Wanneer die kennis eers gegiet word in die vorm van 'n beeld word die verlede 'n werklikheid wat die kind kan begryp. Maar die aanbieding kan nie net by die gesproke woord bly nie, daar moet 'n hulpmiddel (leermiddels) wees om die geheue te steun en die beeld vas te lê. So 'n hulpmiddel is die skoolgeskiedenisboek wat met die regte gebruik blywende resultate sal hê. *Hoe word die handboek reg gebruik?* Van Jaarsveld beweer dat die beste resultate verkry word indien leerlinge 'n bepaalde gedeelte *vooraf* voorberei. Die leerlinge moet sekere paragrawe deeglik deurlees. Dit stel eise aan sy konsentrasievermoë en insig. Verstaan hy dit nie, kan hy die volgende dag vrae vra wanneer die les behandel word.

Dit help die leerling ook om presies te *weet* waar sy werk te vinde is. As die leerling vooruit uit die handboek die komende les voorberei, is hy meer voorbereid op die ontvangs van nuwe stof sodat dit nie vir hom absoluut vreemd voorkom nie. Die handboek het dan 'n funksie vervul van ontvanklikmaking van die kind vir die les. Hierdie metode vervreem nie die leerling van die geskiedenis nie maar maak hom eerder meer nuuskierig.

Soos wat die lesse vorder moet die beeldskeppende onderwyser gedurig aan die leerlinge toon presies waar hy nou in die handboek is sodat daar wisselwerking tussen die handboek en voordrag is. Vir eksamendoeleindes is die leerling natuurlik op sy handboek aangewese. Sy eie aantekeninge is die gids tot die studie van die handboek en dit getuig van die inisiatief en bekwaamheid van die onderwyser wat voortdurend leiding gee.

## DIE GESKIEDENISONDERWYSER: VEREISTES EN OPLEIDING

### 7.1 Vereistes

Volgens Van Jaarsveld is daar nie so iets soos die ideale geskiedenisonderwyser nie. Dit bly vir hom iets waarna daar voortdurend gestrewe word. Die goeie geskiedenisonderwyser sal egter ook kenmerke besit wat 'n goeie onderwyser in die algemeen moet hê.

- Die sosiale ingesteldheid van die geskiedenisonderwyser moet 'n liefde jeens sy medemens as hoofkenmerk hê. Soos 'n moeder haar inlewe in die geesteslewe van die kind en simpatiek teenoor hom staan, moet die geskiedenisonderwyser ook hierdie eienskappe openbaar.

- Die goeie geskiedenisonderwyser sal ook vaksentries en kind-sentries in sy benadering wees. Eersgenoemde is ingestel ten opsigte van die kind se vermoë en laasgenoemde ten opsigte van die leerstof van die vak. Beide moet eweveel aandag geniet.

- Die goeie geskiedenisonderwyser moet ook 'n leier wees en moet sy leerlinge kan lei tot die hantering van leiersvraagstukke. In hierdie leiding kan hy dan ook nie subjektief wees nie maar behoort hy deur professionele ywer, vertroue in die opvoedingsproses, asook selfvertroue, oorheers te word.

- 'n Volgende vereiste wat volgens Van Jaarsveld aan 'n goeie geskiedenisonderwyser gestel word is 'n breë visie en ruim lewensuitkyk. 'n Persoon met 'n beperkte lewensopvatting kan 'n vak soos geskiedenis nie tot sy reg laat kom nie. Die onderwyser moet dus student bly en nie aanvaar hy is "volleerd" nadat hy aan 'n tersiêre inrigting afgestudeer het nie.

- Die geskiedenisonderwyser behoort ook belangstelling vir die vak by sy leerlinge te wek. Die meeste skoolhandboeke is eksamengerig en bevat groot hoeveelhede feite, maar gee nie aandag aan eienskappe soos kultuuragtergrond, die menslike in die geskiedenis en interessante voorvalle nie. Die onderwyser moet dus belese wees en hierdie interessanthede invleg in sy aanbieding sodat nuwe belangstelling by die kind gewek word.

- Volgens Van Jaarsveld is dit 'n fundamentele postulaat dat die geskiedenisonderwyser hoofsaaklik te doen het met die waarheid. In die onderrig van sy vak moet hy dus die waarheid liefhê en moet hy insidente en gebeurtenisse betrag soos dit werklik gebeur het. Vertolking van die geskiedenis moet objektief wees en nie met 'n traak-my-nie-agtigheid benader word nie.

- Dit bring hom outomaties by die volgende vereiste, naamlik die strewe na objektiwiteit. Hoewel daar van ware objektiwiteit in die geskiedskrywing nie sprake is nie moet die geskiedenisonderwyser hom weerhou van sektariese, kommunale of selfs nasionale engheid.

- 'n Baie belangrike vereiste van die geskiedenisonderwyser is dat hy 'n goeie verteller moet wees. Hy moet in die eerste plek sy feite so goed beheers dat hy dit sonder aarseling in sy geheue kan terugroep; hy moet nie stotter nie. Dikwels kom die verhaal nie tot sy reg nie omdat die onderwyser 'n belangrike insident vergeet het. 'n Goeie verteller sal deur beskrywend 'n verhaal te vertel daarin slaag om 'n verstandelike beeld by sy luisteraar te laat posvat. Verder moet hy die verstandelike kapasiteit van sy leerlinge nie oor- of onderskat nie. Terme en begrippe moet verduidelik word sodat die kind presies weet wat hy sê en bedoel. 'n Belangrike eienskap van 'n goeie verteller is ook dat hy vloeiend moet praat en sy taal goed moet kan beheer.

Sy stem en houding moet by die bepaalde vertelling aanpas. Hy moet sy selfbewustheid vergeet en natuurlik dramatiseer. Die tempo waarteen die verhaal ontplooi word, moet ook nie té vinnig of té stadig wees nie. Beweeglikheid is ook 'n belangrike eienskap van die goeie verteller. Dus kan die goeie geskiedenisonderwyser nie op een plek vasgenael staan nie. Aan die ander kant moet hy nie soos 'n kaartman in die klas rondbeweeg nie, dit is ewe hinderlik.

- Nog 'n belangrike vereiste waaraan die geskiedenisonderwyser volgens Van Jaarsveld moet voldoen, is dat hy oor kennis van die sielkunde van die kind moet beskik. Hy moet dus deeglik rekening hou met die materiaal waarmee hy werk en moet bekend wees met al die emosionele aspekte van die kind-in-ontwikkeling.

- Die persoonlikheid en die oortuigingskrag van die onderwyser is belangrik. Sy inspirasie, kennis en professionele vaardigheid en ondervinding is kenmerke wat 'n belangrike bydrae kan wees om die leerling vir geskiedenis as vak te inspireer. Kragtige geskiedenisonderrig is effektief. 'n Dooierige geskiedenisoordrag kan nie geduld word nie.

- Die geskiedenisonderwyser wat uitblink sal ook 'n goeie klasatmosfeer hê. Hy moet dus die leersituasie só ontwikkel dat die kinders sal voel dat die les aangenaam was.

- 'n Laaste belangrike vereiste vir 'n goeie geskiedenisonderwyser is dat hy te alle tye bereid moet wees om homself te ondersoek. Hy moet oor homself nadink en homself onder die soeklig plaas. Hy moet homself afvra of hy te alle tye eerlik is. Veral sy metodiek moet van tyd tot tyd hersien word en hy moet homself afvra of hy die nodige aanpassings gemaak het.

## 7.2 Opleiding

Volgens Van Jaarsveld word dit oor die algemeen as noodsaaklik beskou dat die geskiedenisonderwyser sekere akademiese en professionele kwalifikasies moet hê, en om daardie kwalifikasies te bekom of verwerf moet sy intelligensiepeil bo die gemiddelde wees. Hierdie akademiese opleiding is noodsaaklik, anders weet die onderwyser later net wat in die skoolhandboek staan en frustreer die leerlinge en homself. Die onderwyser moet dus voortdurend deur selfstudie 'n rykdom van kennis opdoen en op die hoogte bly van nuwe ontwikkelinge. Die geskiedenisonderwyser moet oortuig wees van die sedelike, sosiale, staatkundige en estetiese betekenis wat sy vak vir die kinders moet hê. Dus moet sy kwalifikasies 'n basiese begrip van die kulturele geskiedenis van die mensheid insluit benewens 'n deeglike kennis van sy eie vaderlandsgeskiedenis. Hy moet egter ook kennis hê van wêreldgeskiedenis en hoofstrominge wat tot die moderne tydperk lei. Hy moet ook kennis dra van hedendaagse internasionale verhoudinge en van wêreldorganisasies. 'n Graad met geskiedenis as hoofvak is wenslik vir die goeie geskiedenisonderwyser.

Benewens kennis van sy eie vak, behoort hy ook kennis van verwante sosiale wetenskappe te hê, bv. Aardrykskunde, ens. Dit sal ook baie waardevol wees as die onderwyser na-graadse opleiding in die historiese navorsingsmetode het. Dan sal hy weet hoe om met dokumentêre bronne om te gaan. Om dus saam te vat: Die geskiedenisonderwyser moet 'n goeie akademiese en professionele opleiding hê om saam met al die ander genoemde vereistes te verseker dat hy 'n voortreflike onderwyser sal wees.

## 8. SLOTOPMERKING

In die voorgaande is 'n poging aangewend om 'n aanduiding te gee van Van Jaarsveld se bydrae tot die onderrig van geskiedenis op skool. Weens die beperkte omvang kan daar nie aan iemand wat soveel gedoen het reg geskied nie. Die oortuiging bestaan egter dat die geskiedenis weldra self sal getuig van die rol wat hierdie begaafde en toegewyde historikus in dié verband gespeel het.

### BRONNE

van Jaarsveld: Probleme by die onderrig van Geskiedenis. Pretoria, 1976 pp
Geskiedenis as Skoolvak. Johannesburg, 1966, 124 pp.
Oor Geskiedenis en Geskiedskrywing. Johannesburg, Radio-Universiteit, 23 pp.
Lewende Verlede. Johannesburg, 1962, 258 pp.
Die Afrikaner en sy Geskiedenis. Kaapstad, 1959, 124 pp.
en J I Rademeyer: Teorie en Metodiek vir Geskiedenisonderrig. Johannesburg, 1960.